# LAERSKOOL SONOP

Waar die SON OP almal skyn!

9 Julie 2024

Geagte Ouer(s) en Voog(de)

Dit is ons wens dat dit gedurende hierdie kwartaal weer voorspoedig met ons skoolgemeenskap en -bedrywighede sal gaan. Die derde kwartaal gaan baie bedrywig wees met onder andere die jaarlikse skoolbasaar wat altyd ‘n hoogtepunt op ons skoolkalender is. Die Despatch kunstefees, ‘n rolbalaand, oueraand, portefeulje aand, ‘n sosiale funksie vir ons ouers, wegneem etes, lootjieverkope deur ons leerders, Lentedag, sekretaressedag, talle sportwedstryde, civviedae en die normale besige akademiese program lê vir ons voor.

Graag bring ons die volgende vriendelik onder u aandag:

**PERSONEEL:**
Ons het gedurende die afgelope vakansie verneem dat mnr. Visser en sy gesin teen 31 Julie vanjaar na Malaysia, Johor Bahru, sal vertrek waar hulle hul onderwysloopbane sal voortsit. Dit is natuurlik vir ons skool ‘n groot verlies, maar ons is saam met die Visser-gesin opgewonde oor die nuwe uitdaging wat hulle saam in die vreemde gaan aanpak. Ons wens hulle by voorbaat alle voorspoed toe.

Die bestuurspan het, in oorlegpleging met die beheerliggaam, mev. Lisinda Gerber, ‘n voormalige opvoeder van Susannah Fourie, genader om vanaf 1 Augustus mnr. Visser se klasse te onderneem. Sy was vroeër jare aan ons skool verbonde as ‘n rondreisende Xhosa-opvoeder. Ons het die grootste vertroue in mev. Gerber en vertrou dat sy haar terugkeer na Laerskool Sonop sal geniet.

**ASSESSERING:**
Hierdie kwartaal se assessering bestaan uit: **Deurlopende assessering** wat die volgende behels:
Formele- en informele toetse, take, projekte en opdragte.
**DAAR SAL GEEN FORMELE TOETSWEEK PLAASVIND NIE.** Die intersenfase (gr. 4-7-leerders) sal eersdaags ’n assesseringsprogram per WhatsApp ontvang. U moet asseblief vir ons help deur toe te sien dat u kind/ers hul tuiswerk getrou doen, goed voorberei vir toetse en hul take betyds voltooi en inhandig. Daar is heelwat take en projekte wat gedurende die derde kwartaal ingehandig moet word.

**OUERAAND: (DINSDAG, 6 AUGUSTUS 2024)**

U het verlede kwartaal, tesame met u kind se vorderingsverslag, kennis van die oueraandafsprake wat hierdie kwartaal in die onderskeie opvoeders se klaskamers sal plaasvind, ontvang. Dié van u wat die afspraakvorm voltooi en vóór of op Vrydag, 19 Julie, terugstuur skool toe, se afsprake sal gemaak word. U sal teen Vrydag, 2 Augustus, skriftelik in kennis gestel en herinner word aan u afspraak, asook u afspraaktyd. Indien u kind nie tans aan die vorderingvereiste voldoen nie, moet u asseblief ‘n daadwerklike poging aanwend om van hierdie afspraakgeleentheid gebruik te maak.

**JAARLIKSE SKOOLBASAAR:**

Ons vertrou dat **Vrydag, 26 Julie 2024**, duidelik op u kalender gemerk is! Baie dankie vir die pragtige beloftes en ruim bydraes wat ons tot nou toe reeds ontvang het.
Ons herinner weer dat u asseblief u beloofde bydraes en goedere betyds by die skool sal inlewer.
Onthou ook dat daar vanjaar weer 'n **"wit-olifant"- verkoping** sal wees. Maak u kaste en motorhuis leeg deur ontslae te raak van items wat net in u pad is. Skakel gerus die skool se kantoor by 041-1100997 indien u wil hê dat ons items by u huis moet kom oplaai. Ons doen dit graag!

***Die skool sal op die dag van die basaar reeds om 12:00 vir alle leerders sluit.***

**ROLBALAAND: VRYDAG, 2 AUGUSTUS 2024**

Op Vrydagaand , 2 Augustus, bied ons skool vir die eerste keer, 'n **rolbalaand** as fondsinsamelingspoging by die Despatch Rolbalklub aan. Ons doen 'n vriendelike versoek op u as ouers om ons skool met hierdie rolbalaand te ondersteun. Dit beloof om groot pret te wees. Rolbal is 'n tipe spel wat sonder enige vooraf ondervinding deur jonk en oud geniet kan word!

**U kan die skool se rolbalaand op die volgende wyse ondersteun:**

- Spanne van 4 lede elk kan ingeskryf word. **'n Maksimum van slegs 24 spanne** ( 24 x 4 spanlede) kan op die rolbalbane ge-akkommodeer word. *Skryf dus vroegtydig in om teleurstelling te voorkom!*
- U eie onderneming, of die instansie waar u werksaam is, kan ons ondersteun deur 'n span van 4 spelers teen **R 1000 per span** in te skryf. - Ondernemings/instansies mag bemarking langs die baan doen.
- Ondernemings/besighede wat nie wil of kan deelneem nie, maar ons wil ondersteun kan teen **R 500** hul bemarkingsmateriaal skool toe stuur wat ons dan langs die baan sal plaas en weer na die tyd terug sal besorg.
- U kan ook pryse skenk wat die skool aan die spelers deur die loop van die aand se spel kan aanbied.

Skakel gerus ons skool se sekretaresses tydens skoolure by 041-1100779 of **mev. Vicki Schuin** op haar selfoon by 084 501 5328 vir verdere inligting, skenkings of besprekings.
Deelnemers ontvang 'n heerlike burger en een gratis drankie.
Die rolbalklub se kontantkroeg sal oop wees – Ondersteun hulle asseblief.

*Kom probeer gerus die eerste keer rolbal speel – Dit beloof om groot pret te wees.*

**NETHEID VAN LEERDERS:**

Ons is baie trots op ons skool en op ons leerders se voorkoms. Ons beleef skielik 'n koue winter en dit is koud binne die skoolgebou. Ons doen daarom 'n vriendelike beroep dat die leerders nie enige bontkleurige baadjies sal dra en - komberse sal skool toe bring nie. **Hou asseblief by die voorgeskrewe skooldrag**. Slegs maroenkleurige baadjies en komberse word in die klaskamers toegelaat. Baie dankie dat u as ouers toesien dat u kind/ers elke dag netjies en met die korrekte skooldrag die skool bywoon.
Warm baadjies en komberse is by die skool te koop. Kontak gerus die skoolkantoor vir aankope.

**KOPLUISBESMETTING:**

Die skool ondersoek nie leerders vir kopluise of nete nie, maar opvoeders meld van tyd tot tyd aan dat hulle hierdie ongediertjies op sommige leerders se koppe opmerk. Ons is bekommerd dat hierdie probleem met die naderende warm weer vanaf September moontlik kan hand uitruk en vra daarom u dringende aandag en samewerking in hierdie verband. Wees asseblief so vriendelik en ondersoek u kind se kop so gereeld as moontlik. Nitagon, Quellada, Para Plus asook Controlice is baie doeltreffende middels teen kopluisbesmetting en is beskikbaar by apteke. Ons vertrou op u samewerking in hierdie verband.

## BELANGRIKE DATUMS en SPORTPROGRAM VIR DIE DERDE KWARTAAL:

**LET WEL:** Hou asseblief in gedagte dat hierdie datums en wedstryde soms kan verander a.g.v. omstandighede buite die skool se beheer.

### JULIE:

**Di. 9 (Wk.1)** **SKOOL HEROPEN** OM 07:15of(6:30) VIR PERSONEEL EN om 7:30 VIR LEERDERS.
Skoolgeldbetaling vir Julie asseblief.
Afskeurstrokies van vorderingsverslae terug skool toe asseblief.

**Di. 16 SPORT:**
**HOKKIE -** o. 9's vs Erica (TUIS)
o.10 A&B Claredon (WEG)
**TENNIS -** vs Charlo A (WEG)
**LANDLOOP -** BYEENKOMS #5

**Wo. 17 SPORT:** **HOKKIE -** o.14 A vs St Dominics Priory (WEG)
o.14 B vs Hermitage House (WEG)

**Vry. 19 SPORT:** **SKAAK-** A-span vs HH (A) (WEG)
B-span vs HH (C) (TUIS)
**RUGBY FONDSINSAMELING: MANDJIEDANS**

**Sat. 20 SPORT:** **NETBAL:** o.11B & o.13B Bonzai Sportdag
**RUGBY:** o.11 & o.13 Bonzai Sportdag

**Ma.22 (Wk 3) SPORT:** **NETBAL:** vs Kirkwood (TUIS)

**Di. 23 SPORT:** **HOKKIE-** o.10 A&B vs Sunridge (WEG)
**TENNIS**- vs Mount Pleasant (WEG)

**Wo. 24 SPORT:** **HOKKIE-**o.14 A vs Claredon (TUIS)
o.14 B vs Sydenham (TUIS)
**RUGBY**- vs Frans Conradie (WEG)

**Do. 25 SPORT:** **SKAAK -** B-span vs Little Flower (WEG)

**Vry. 26 BASAAR: -** Skool sluit om 12:00 vir leerders. Civviedag @ R5.

**Ma. 29 (Wk 4) KULTUUR:** **DESPATCH KUNSFEES BEGIN.**
LEERDERS ONTVANG LOOTJIEBOEKIES VIR GELUKKIGE TREKKINGS.
**SPORT:** **NETBAL** vs Bonzai (TUIS)

**Di. 30 SPORT:** **TENNIS -** vs Blouwaterbaai A (TUIS)
**LANDLOOP -** Byeenkoms #6
**HOKKIE -** o. 9 vs Summerwood (WEG)

**Wo. 31 SPORT:** **HOKKIE -** o.14 A vs Riebeeck College (WEG)
o.14 B vs Nasruddin (WEG)
**RUGBY -** vs Voorbereiding (TUIS)

# AUGUSTUS:

**Vry. 2 FONDSINSAMELING: ROLBAGDAG**

**Ma. 5 SPORT:** **NETBAL** - vs Convent (TUIS)

**Di. 6 SPORT:** **RUGBY** o.9 – 13 b-Spanne vs Bonzai (TUIS)
**HOKKIE -** o.9's vs Sunridge (TUIS)
o.10 A&B vs Erica (WEG)
**TENNIS**- vs Newton Park (TUIS)
**OUERAAND** TUSSEN 17:00 -20:30 (SLEGS OUERS MET AFSPRAKE)

**Wo. 7 SPORT:** **HOKKIE -** o.14 A vs Lorraine (WEG)
o.14 B vs Fernwood (TUIS)
**RUGBY** - vs Winterberg (TUIS)

**Do. 8 LANGNAWEEK-SKOOL SLUIT OM 12:00.**
**Vry. 9 PUBLIEKE VAKANSIEDAG – VROUEDAG**

**Ma. 12 (Wk6) SPORT:** **NETBAL** - vs Sondagsriviervallei (WEG)

- **SPORT- EN GROEPFOTO'S WORD GENEEM.**

**Di. 13 SPORT:** **HOKKIE -** o.9's vs Collegiate (WEG)
o.10 A&B vs Lorraine (TUIS)
**LANDLOOP-**Byeenkoms#7
**TENNIS** vs Herbert Hurd W

**Wo. 14 SPORT:** **HOKKIE -** o.14A vs Summerwood (TUIS)
**RUGBY -** vs Muir (WEG)

**Vry. 16 SPORT:** **NETBAL:** o.7 - o.9 Innes Sportdag

**Sat. 17 SPORT:** **NETBAL:** o.10 - o.13 Innes Sportdag

**Ma.19 (Wk7) SPORT:** **NETBAL** - vs Voorbereiding (TUIS)

**Di. 20 SPORT:** **TENNIS -** vs Westering A (WEG)

**Do. 22** **RUGBYTOER**
o.11 en o.13 Rugby vertrek na die Suid-Kaap.

**Ma.26 SPORT:** NETBAL - vs College Hill (TUIS)

**Vry. 30** **GR. 7 ENTREPRENEURSDAG**
**LENTEDAG: LEERDERS DRA CIVVIES @ R 5 EN VERDAAG 12:00**
**FONDSINSAMELING: WEGNEEMETES**

## SEPTEMBER:

**Di.10** **LEERDERPORTEFEULJE AAND** – Ouers besigtig gr. 1-7 vanaf 17:00 – 18:30

**Wo. 11** **LAASTE SPORTLESUUR VAN DIE KWARTAAL**

**Vry. 20** **SKOOL SLUIT OM 10:00. CIVVIES VIR LEERDERS.**

Vriendelike Sonopgroete

Marius Kleyn
Skoolhoof